

16 November

Wees nederig, dit is God se opdrag

Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:1-9

Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:9

In ons fokusgedeelte is daar drie opdragte. Ons moet onderdanig wees, nederig wees en mekaar help. Die opdragte het te doen met God se orde vir sy kerk en vir die samelewing. Die eerste lesers van die brief moes volgens hierdie opdragte hulle onderlinge verhoudinge en die heidense gemeenskap waarin hulle geleef het, hanteer.

Die mens is egter eerder geneig om die teenoorgestelde te doen. Satan hits ons aan om onself te handhaaf en ons val daarvoor. Die laaste dae sal volgens 1 Timoteus 3:2-5 deur die ongehoorsaamheid, verwaandheid en selfsug van die mense gekenmerk word. Ons sien dit elke dag in die wanorde, anargie en misdaad waarmee die wêreld en ook ons samelewing geteister word.

Dat dit 'n gevaarlike pad is, is duidelik, want "God weerstaan die hoogmoediges" (vs 5c) – hulle loop hulle vas – "maar aan die nederiges gee Hy genade" (vs 5d). Hy roep ons op tot 'n gesindheid en 'n lewe wat anders is as dié van die wêreld rondom ons. Ons moet die beeld van Jesus Christus vertoon wat nie Homself wou handhaaf nie. Hy het onderdanig en nederig Homself aan die wil van sy Vader onderwerp deur die kruisdood te sterf. Daarmee het Hy ons verlos van die mag van Satan en maak Hy van ons nuwe mense deur die krag van sy Gees om sy opdragte uit te voer.

Wees dan deur die genade wat u ontvang het onderdanig, nederig en behulpsaam, en bring ook op dié manier eer aan God én die lig van die evangelie in hierdie deurmekaar wêreld.

Sing: Psalm 147:4 (1936-beryming)

Ds. JB du Plessis (Lichtenburg)